
# Wie is die koelste?

**As jy diep in die bos toer, is 'n goeie yskas die verskil tussen lekker braaitjops en vrot vleis vir die jakkalse. Ons het ses veldyskaste vir 'n week lank getoets. Hier is die resultate.**

Diep in die bos voor die vuur is daar min dinge so lekker soos 'n koue enetjie in jou hand, veral ná 'n moeilike dag op 'n taai roete. En om later vars vleis op die kole te kan gooi, is net so belangrik vir vrede by jou kampplek.

Maar as jou plaaslike supermark 900 km suid lê, moet jy jou eie bier en vleis kan koud hou. Daarvoor het jy 'n yskas nodig.

Om te toets watter yskas die taak die beste gaan verrig, het ons die groot name mekaar die stryd laat aansê. Uit die ses kandidate het 'n hele paar redelik goed doen, maar net een kon die wenner wees.



## DIE TOETS

Ons het probeer om dieselfde groottes van elke vervaardiger te kry, maar waar voorraadtekorte en die beskikbaarheid van groottes ons in die wiele gery het, het ons die naaste grootte gekry.

Die toetse is in 'n pakkamer uitgevoer waar 'n konstante temperatuur gehandhaaf word. Elke yskas is dus in dieselfde omgewing op dieselfde tyd getoets, wat die uitslae meer vergelykbaar maak. Waar die yskas groter of kleiner as die gemiddeld is, word dit ook genoem.

## LEË TOETS
### AS DIE BIER OP IS

Die heel eerste toets is met leë yskaste gedoen. Elke yskas is 'n paar uur lank laat oopstaan sodat die temperatuur binne en buite so gelyk as moontlik kon wees.

Ons het 'n termometer met 'n sensor aan 'n dun draadjie in elke yskas gesit en die yskas se deur is nooit tydens die toetse oopgemaak nie. Ons het ook die sensor so naby as moontlik aan die middel van die yskas se vrieskompartement laat hang.

## VRIESTOETS
### AS DIE VLEIS IN IS

Vir die volgende toets het ons vier 1 liter-melkbottels vol water in elke yskas gesit. Die termometer se sensor was in een van die bottels in elke yskas. Die doel van die toets was om te meet hoe lank dit neem voor die water heeltemal gevries is en ook om te toets watter yskas se kompartement die koudste word.

Ons het ook gekyk hoe vinnig die yskaste vriespunt bereik.

Die yskaste is drie dae lank gelos om te vries en daarna het ons hulle afgesit. Die doel van hierdie toets was om te kyk watter een sy temperatuur die langste hou.

Een laaste data wat ons gemeet het, is die temperatuurdaling – van die begin-temperatuur tot die laagste temperatuur wat die yskas kon bereik.




## BISMARCK 60 LITER
### Die buiteperd

Bismarck-yskaste is taamlik onbekend. Hulle word net deur een man van Durbanville in die Wes-Kaap ingevoer en is aanlyn beskikbaar. Die yskaste het dus nie 'n nasionale netwerk van verspreiders nie. Jy sal moet besluit of jy die risiko wil loop om 'n yskas te koop sonder 'n nasionale ondersteuningsnetwerk. Maar ongeag daarvan is die konstruksie stewig. En al staan hy nie uit bo ander yskaste wat verrigting betref nie, maak sy prys hom 'n kandidaat vir 4x4-beginners.

**LEË TOETS:** Hy't vinnig weggespring en binne 'n halfuur het die temperatuur met amper 30°C gedaal. Daarna het dit konstant gebly. Die Bismarck het uiteindelik die grootste daling in temperatuur van begin tot einde van al die yskaste gehad.

**VRIESTOETS:** Hier het hy gesukkel deur die hoogste temperatuur van al die yskaste te handhaaf en die langste te neem om vriespunt te bereik. Dit is ook die hoogste yskas van almal, so dit kan lol in die kajuit.

**MIN. TEMP (leë toets):** -23,3 °C
**MIN. TEMP (vriestoets):** 0,1 °C
**TEMP. DALING (leë toets):** 41,1 °C
**TEMP. DALING (vriestoets):** 18,7 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 6de

**KAPASITEIT:** 60 liter
**GEWIG:** 20 kg
**DIMENSIES (wydte x diepte x hoogte):** 660 x 530 x 570 mm
**KOMPRESSOR:** Sikelan

**PRYS:** R6 700 (aflewering uitgesluit)
**KONTAK:** CampFridge ✆ 083 327 6193; info@campfridge.co.za

## INDEL B TB51A
### Ruimte toe

Die Indel B is dalk nie so bekend soos sommige ander handelsmerke nie, maar toe Nasa tydens die ontwikkeling van die Columbia-ruimtetuig in die 70's op soek was na yskastegnologie, het hulle Indel B gekies. Dit was egter 'n hele rukkie terug en intussen het ander vervaardigers Indel B ingehaal, en selfs verbysteek.

**LEË TOETS:** Hierdie yskas se voordeel is dat hy kleiner is as die meeste ander wat ons getoets het. Hy het dus 'n kleiner ruimte om af te koel. In die leë toets het hy die langste gevat om te begin afkoel, maar het steeds goed gevaar.

**VRIESTOETS:** Met die vriestoets het die Indel B die vinnigste begin afkoel, maar kon uiteindelik nie by die groter yskaste kers vashou nie. Nadat die yskaste se krag afgeskakel is, het die Indel B ook die vinnigste koue verloor. En ná 36 uur was sy temperatuur die naaste aan kamertemperatuur van al die yskaste. Steeds, vir 'n klein yskas wat vanweë sy vorm en grootte beter agter in jou ryding pas as sy groter mededingers, vaar hy glad nie sleg nie.

**MIN. TEMP (leë toets):** -21,4 °C
**MIN. TEMP (vriestoets):** -0,3 °C
**TEMP. DALING (leë toets):** 38,8 °C
**TEMP. DALING (vriestoets):** 16,9 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 5de

**KAPASITEIT:** 32 liter
**GEWIG:** 18,5 kg
**DIMENSIES:** 585 x 350 x 530 mm
**KOMPRESSOR:** Danfoss

**PRYS:** R6 770 (Kaapstad); R6 900 (Menlyn)
**KONTAK:** Safari Centre Kaapstad ✆ 021 595 3910; Menlyn ✆ 012 348 3253.





## ENGEL 60 LITER
### Almal se Engel

As jy vir 'n gesoute 4x4-eienaar vra watter kampyskas in sy ryding staan, is die kanse goed dis 'n Engel. Hierdie Australiese handelsmerk is so deel van die 4x4-wêreld soos Toyota of Land Rover.

Maar die verrigting is nie heeltemal op 'n gelyke vlak met die res nie. En dit laat 'n mens wonder, word die Engel gekoop vir sy vermoë, of vir sy naam? Dat 'n Engel 'n betroubare yskas is, is egter nie te betwyfel nie. Gaan kyk gerus by die volgende 4x4-byeenkoms watter yskas agter in daai ormie se ou, gehawende Land Rover staan.

**LEË TOETS:** Met die leë toets het die Engel heel goed begin, maar het gou sy piekverrigting bereik. Daarna het die meeste van die ander yskaste hom verbygesteek. Die temperatuurdaling tydens hierdie toets was dus die minste vir die Engel. En dit tel teen hom.

**VRIESTOETS:** Tydens die vriestoets het die Engel effens beter gevaar, maar steeds nie uitgestaan as 'n wenner nie. Toe die temperatuur gemeet is nadat die deur oopgemaak is aan die einde van die toets, was die temperatuur binne-in die Engel die hoogste van almal. Dit het ook na 36 uur die hoogste temperatuur gehad, maar het goed gehou tot op die 24 uur-merk.

**MIN. TEMP (leë toets):** -18,3 °C
**MIN. TEMP (vriestoets):** -0,1 °C
**TEMP. DALING (leë toets):** 30,8 °C
**TEMP. DALING (vriestoets):** 18,8 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 4de

**KAPASITEIT:** 60 liter
**GEWIG:** 33 kg
**DIMENSIES:** 441 x 790 x 490 mm
**KOMPRESSOR:** Sawafuji Swing Motor

**PRYS:** R10 995 (belasting uitgesluit)
**KONTAK:** 4x4 Megaworld – Menlyn ✆ 012 348 0826; Kaapstad ✆ 021 511 3350

## WAT VAN KRAG?

In vorige toetse is yskaste se kragverbruik gemeet om uit te vind watter een die minste krag oor 'n sekere tydperk gebruik. Vir hierdie toets is kragverbruik egter nie gemeet nie. Die veranderlikes van yskas tot yskas en kragbron tot kragbron (as dit diepsiklusbatterye is) is daarvoor eenvoudig te groot.

Die kenners beweer dat selfs al kry jy ses batterye wat op dieselfde dag gemaak is uit dieselfde fabriek, daar steeds 'n verskil in kraglewering tussen hulle sal wees.

'n Ander faktor om in berekening te bring is die feit dat die verskil in kragverbruik tussen yskaste wat min of meer dieselfde kapasiteit het, byna weglaatbaar klein is.

Die meeste van vandag se kampyskaste is ontwerp om met min of meer dieselfde hoeveelheid krag te werk. Of jy nou elke 48 of 50 uur jou bakkie se enjin moet aanskakel om die batterye te laai, maak nie so 'n groot verskil nie.

Ook, as jy nou uitvind jou yskas gebruik meer krag, kan jy seker maak jy het genoeg kapasiteit om krag op te wek en langer te hou. Die punt is, jy kan altyd 'n plan maak om jou yskas se kragtoevoer aan die gang te hou.

## ARB 60 LITER
### Die ander Aussie

ARB is 'n bekende Australiese handelsmerk wat ook kompressors, bosbrekers, herwinningstoerusting en vele meer maak. Die yskas het nie gesukkel nie – al het hy nie te goed in die leë toets gedoen nie, het hy steeds presteer in die vriestoets. Dis nie 'n slegte kopie nie – al is dit die duurste yskas in die toets.

**LEË TOETS:** Hoë temperature en 'n relatiewe gemiddelde vertoning beteken die ARB het glad nie sy naam en prys gestand gedoen nie. Maar hy was ook nie die swakste yskas van die lot nie.

**VRIESTOETS:** Met die vriestoets het die ARB weer punte gewen: Hy het die laagste algemene temperatuur bereik en ook 'n paar van die heel laagste lesings gemeet. Sy bokstemperatuur het ook die meeste gedaal van al die yskaste. En nadat hy vriespunt bereik het, het die temperatuur aanhou daal. Dit was die laagste temperatuur toe ons die yskaste afgeskakel het.

**MIN. TEMP (LEË TOETS):** -20,5 °C
**MIN. TEMP (VRIESTOETS):** -6,4 °C
**TEMP. DALING (LEË TOETS):** 31,3 °C
**TEMP. DALING (VRIESTOETS):** 24,7 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 3de

**KAPASITEIT:** 60 liter
**GEWIG:** 24,5 kg
**DIMENSIES:** 450 x 845 x 428 mm
**KOMPRESSOR:** Danfoss

**PRYS:** R11 655 (belasting uitgesluit)
**KONTAK:** 4x4 Megaworld – Menlyn ✆ 012 348 0826; Kaapstad ✆ 021 511 3350



## SNOMASTER 75 L
### *Local* is lekker

SnoMaster is 'n plaaslike handelsmerk wat in Gauteng aanmekaar gesit word. En Suid-Afrikaners kan met reg trots voel op hierdie produk. Selfs al is dit die grootste yskas wat ons getoets het, het hy 'n paar van die meer bekende handelsmerke uitgestof. Onthou ook dat die SnoMaster- en Kellerman's-yskaste uit dieselfde fabriek kom en eintlik dieselfde produk is. Dis net die handelsmerk wat verskil.

**LEË TOETS:** Die SnoMaster se vertoning tydens die leë toets was nie van uitstaande gehalte nie, maar dit het ook geen van die swakste lesings gekry nie. Hy het net so vinnig soos sy mededingers sy laagste temperatuur bereik en dit ook net so goed gehou.
**VRIESTOETS:** Naas die ARB is die SnoMaster die enigste ander yskas waarvan die temperatuur merkbaar aanhou daal het nadat hy vriespunt bereik het. Wat ook uitgestaan het, is dat die temperatuur steeds onder vriespunt was 36 uur nadat die yskas afgeskakel is. Daarom kry die SnoMaster ons toekenning "koel kalant".

**MIN. TEMP (leë toets):** -22,7 °C
**MIN. TEMP (vriestoets):** -1,1 °C
**TEMP. DALING (LEË TOETS):** 35,9 °C
**TEMP. DALING (VRIESTOETS):** 18,5 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 2de

**KAPASITEIT:** 75 liter
**GEWIG:** 24,5 kg
**DIMENSIES:** 450 x 715 x 595 mm
**KOMPRESSOR:** Danfoss/Secop

**PRYS:** R9 000
**KONTAK:** Outdoor Warehouse
✆ 0800 007 261

**KOEL KALANT!**



*"Vries jou kos reeds by die huis. Dit sal help om die ander goed kouer te hou en die yskas minder hard laat werk."*

## HOU HOM KOUER, VIR LANGER

**HIER'S 'N PAAR WENKE OM JOU YSKAS VIR LANGER KOUD TE HOU EN KRAG TE SPAAR.**

**1 WEES VINNIG**
As jy iets uithaal, doen dit vinnig. Maak die yskas net vir 'n paar sekondes oop sodat die koue nie alles ontsnap nie.

**2 VRIES VOOR JY PAK**
Vries jou kos reeds by die huis. Dit sal help om die ander goed kouer te hou en die yskas minder hard laat werk

**3 BOU 'N LEGKAART**
Probeer inhoud pak wat vierkantig of reghoekig is. Hoe minder oop spasie tussen items, hoe meer effektief werk die yskas.

**4 VAT 'N *WINGMAN***
Gebruik 'n koelboks met gevriesde blou ysblokkies wat jy oornag in die yskas vries om jou koeldrank bedags koud te hou. Dan maak jy die yskas minder gereeld oop.

**5 MAAK 'N SPYSKAART**
Beplan jou etes vooruit en pak die yskas so, van bo na onder. Só kan jy net elke dag die boonste goed uithaal as jy begin kosmaak.

## NATIONAL LUNA
### 'n Plaaslike staatmaker

National Luna, wat sedert 1993 yskaste in Suid-Afrika bou, se 55liter-model het in byna alle toetse kop en skouers bo die res uitgestaan. Hy het die laagste temperatuur in die leë toets, sowel as die watervriestoets behaal.

Al is hy effens kleiner as die deursnee 60 liter-yskaste wat ons getoets het, is die verskil nie só groot dat hy soveel beter moes doen nie. En soos Johan Kellerman van Safari Centre in die Kaap voorspel het toe ons die yskas gaan oplaai het, het hy toe vrek goed gevaar.

**LEË TOETS:** Die ander yskaste moes almal net toekyk hoe die National Luna die leë toets wen. Met elke temperatuurlesing was syne die laagste; so ook die minimumtemperatuur en die temperatuur aan die binnekant van die yskas net nadat die deur oopgemaak is.

**VRIESTOETS:** Hier was dit dieselfde storie. Hy't vriespunt die vinnigste bereik en, naas die ARB en SnoMaster, ook sy koue die langste behou nadat hy afgeskakel is. Nadat die yskas oopgemaak is net voordat dit afgeskakel is, was die temperatuur binne-in die yskas 'n hele paar grade laer as die res.

Dis sonder twyfel die yskas wat die beste in hierdie toetse gevaar het, en die algehele wenner in dié yskastoets.

**MIN. TEMP (leë toets):** -30,1 °C
**MIN. TEMP (vriestoets):** -0,2 °C
**TEMP. DALING (leë toets):** 39,3 °C
**TEMP. DALING (vriestoets):** 16,7 °C
**RANGORDE TOT VRIESPUNT:** 1ste

**KAPASITEIT:** 55 liter
**GEWIG:** 22,4 kg (aluminium)
**DIMENSIES:** 425 x 750 x 535 mm
**KOMPRESSOR:** Danfoss

**PRYS:** R9 480 (Kaapstad); R9 700 (Menlyn)
**KONTAK:** Safari Centre Kaapstad ✆ 021 595 3910; Menlyn ✆ 012 348 3253.




Bush Lapa™
offroad caravans




experience His beauty

Dink lig • Dink kompak • Dink 4x4 • Dink 10 minute-opstel






Dit is die slim veldkaravaanoplossing wat die avonturier geleentheid bied om afgeleë paaie aan te durf met sy unieke 4x4-sleepwa/karavaan-kombinasie.

www.bushlapa.com

Paarl: 021 870 1277
Pretoria: 076 020 5481